

Publication: Burger, Die Saturday (Oos-Kaap) (Sport)
Publication Date: 05 May 2018
Page: 15

AVE: 13927.34
Circulation: 8756
Part: 1 of 1

## DIAMANTLIGA IN DOHA

# SA rekords tuimel

**Wim Pretorius**

Sy was nog tjoepstil nadat die storm rondom die IAAF se nuwe reël losgebars het, maar Caster Semenya het gisteraand deeglik lawaai op die atletiekbaan gemaak by die eerste ronde van die Diamantliga-reeks wat in Doha, Katar, gehou is.

Die Suid-Afrikaner het gewys dat sy haar min steur aan die bohaai wat die afgelope twee weke rondom haar afgespeel het nadat die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) sy regulasies rondom vroue-atlete met hoër natuurlike testosteroonvlakke aangepas het. Semenya het haar eie SA rekord in die 1 500 m verbeter.

Semenya, wat in April die goue medaljes in die 1 500 m en 800 m op die Statebondspele gewen het, het vir die eerste keer onder vier minute in dié nommer gehardloop – die eerste Suid-Afrikaanse vrou wat dit kon regkry. Sy het die wenstreep in 3 minute 59.92 sekondes oorgesteek, om haar eie rekord van 4:00.71 te verbeter.

Die wentyd is ook die voorste tyd tot dusver vanjaar in die wêreld.

Tuks se Carina Horn het haarself onderskei as die vinnigste vrou in die naellope in Suid-Afrika se geskiedenis nadat sy die eerste Suid-Afrikaner geword het wat die 100 m in onder 11 sekondes kon afnael.

Sy het vyfde geëindig in 10.98 sek., met Marie-Josée Ta Lou van die Ivoorkus wat eerste was in 10.85 sek., wat ook die voorste tyd in die wêreld vir 2018 is.

Horn het in Maart by die nasionale byeenkoms die Suid-Afrikaanse rekord in die 100 m tot 11.03 sek. verbeter, maar haar vertoning in Doha het gewys waartoe sy werklik in staat is.

Horn het nie verlede maand aan die Statebondspele deelgeneem nie.

Pieter Conradie, die tweemalige nasionale kampioen in die 400 m, het in die binneste baan gehardloop en in 46.68 sek. agtste geëindig.

Cornel Fredericks het vyfde in die 400 m-hekkies klaargemaak in 50.03 sek., met Abderrahman Samba van Katar (47.57 sek.) gewen het.

Khotso Mokoena (16.92 m) het sesde in die driesprong klaargemaak.

■ Intussen beoog die beseerde Wayde van Niekerk om in Julie weer op die baan te wees.

Peet van Zyl, Van Niekerk se agent, het Vrydag vanuit Doha bevestig dat die wêreldrekordhouer in die 400 m moontlik in Julie weer sal begin oefen.

"Wayde sal dan net begin oefen, maar hy sal eers in 2019 weer beskikbaar wees vir enige byeenkomste," het Van Zyl gesê.




**Caster Semenya het gisteraand in Doha, Katar, 'n nuwe SA rekord in die 1 500 m opgestel en die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword wat dié afstand in onder vier minute hardloop.** Foto: REUTERS

PEAR

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

DALRO